# die Wapad

Jaargang XV WOENSDAG, 15 JUNIE 1960 Nr. 7

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.


# Studenteraad Moet Besluit of Kontak met Andersdenkendes nog moeite werd is

**IS DIT DIE moeite werd vir hierdie Universiteit om nog kontak te soek met Engelstalige universiteite in die land, as die gesindheid van sulke universiteite telkens die oorsaak is dat ons pogings op 'n dooiepunt uitloop? Hierdie vraag is gisteraand op die massavergadering deur mnr. Hennie van der Walt, voorsitter van die S.R., gestel.**

Die vergadering het 'n vrye keuse aan die Studenteraad gegee om te handel soos hulle goeddink of die P.U. wel nog 'n waarnemer na die NUSAS-kongres wat die eerskomende Julie-vakansie in Kaapstad plaasvind, sal stuur.

Geruime tyd reeds is die Engelstalige universiteite ten gunste van samewerking tussen studente van die twee taalgroepe maar hulle verwag dat die Afrikaanse universiteite 90 persent van die samewerking moet verrig, het mnr. Van der Walt gesê, na aanleiding van die onlangse mislukking van die konferensie van Studenterade van alle Suid-Afrikaanse universiteite wat op 27 en 28 Mei in Pietermaritzburg gehou sou gewees het.

Hierdie konferensie sou oorspronklik op Potchefstroom gereël gewees het maar 'n dag voor die finale uitnodigings aan die Studenterade gestuur is, is 'n uitnodiging van die Natalse Universiteit ontvang om 'n soortgelyke konferensie op Pietermaritzburg by te woon. Op hierdie konferensie sou nie-beginselsake van algemene belang vir alle universiteite bespreek gewees het maar die konferensie het deur die mat geval, veral omdat Universiteit Kaapstad nie wou konfereer tensy hy die reg kon behou om te besluit wie om as verteenwoordigers te stuur nie.

### PRAKTIESE REDES

Intussen het die P.U. vir die konferensie wat oorspronklik hier sou plaasvind, nie kans gesien om nie-blankes hier te ontvang nie, omdat die praktiese geriewe nie beskikbaar was nie. Wel is die P.U.-Studenteraad nie in beginsel daarteen om samesprekinge met nie-blankes te voer nie. Rhodes het egter per brief die feit betreur dat die P.U. nie nie-blankes op sodanige konferensie wou toelaat nie.

Die stuur van 'n waarnemer na die NUSAS-kongres sal wees slegs om ons goeie gesindheid te toon. Die waarnemers op so 'n kongres is egter heeltemal passief en die vraag doen hom voor hoe 'n passiewe waarnemer hom sal gedra waar hy nie saamstem met die beginsel van die kongres nie.

Mnr. Van der Walt het gesê dat die Studenteraad van die P.U. ten gunste van kontak met andersdenkendes is waar dit aanskakeling en nie inskakeling nie, behels. Verskeie pogings tot samewerking is dan al van hierdie kant gedoen.

### TELEGRAMME

Die P.U. het tot dusver twee telegramme na mekaar na Pietermaritzburg gestuur waarin om 'n verklaring gevra word vir die afstel van die konferensie, aangesien die P.U. se konferensie ten gunste daarvan afgestel is. Geen antwoord is egter ontvang nie.

Ikeys het verder verklaar dat hulle nie die nodigheid van so 'n konferensie sien nie, aangesien NUSAS die funksie daarvan sou vervul. Ikeys het ook beswaar gemaak teen die basis van verteenwoordiging, nl. dat alle voorsitters en onder-voorsitters van Studenterade na die konferensie uitgenooi sou word.

### VOORTGAAN

Mnr. Erasmus Smit het gesê dat afgesien van die gesindheid wat die Engelstalige universiteite geopenbaar het, ons in 'n land soos Suid-Afrika, met sy eie besondere probleme, eintlik nooit moet ophou met pogings om kontak met die Engelstalige universiteite te maak nie.

Mnr. Van der Walt het gesê dat hy ten gunste daarvan is dat die aktiwiteit van die S.R. in 'n ander rigting gestuur sal word, aangesien 'n dooipunt met die huidige pogings tot kontak bereik word. Die onus moet nou op die Engelstalige universiteite gelê word.

● Daarop is die voorstel aanvaar dat aan die Studenteraad vrye keuse gegee word om in hierdie verband te handel.

## S.R. se Beleid Ontvang Steun

**Die huidige beleid van die Studenteraad insake kontak met nie-blankes het op die jongste massavergadering wat gisteraand gehou is, onder die soeklig gekom.**

Mnr. Hennie van der Walt het daarop gewys dat die beleid van die Studenteraad oor kontak met nie-blankes gestel is op die basis van afsonderlike ontwikkeling. So kan nie-blankes uitgenooi word na 'n geslote konferensie.

Mnr. Prinsloo Potgieter het voorgestel dat 'n kommissie van ondersoek deur die Studenteraad aangewys word om ondersoek in te stel na die huidige beleid met die oog op uitbreiding daarvan, sodat kontak met nie-blankes wat nie eerstens NUSAS-gesind is nie, ook kan plaasvind.

Die voorstel is met stemming verwerp.

## Nagtelike Besoeker Gevang

*Die persoon wat die afgelope drie maande by die dameskoshuise gepla het, is Sondagaand deur 'n groep Pukmans gevang. Sowat vyftien mans het van tienuur af waggestaan by die koshuise en net voor elf het 'n persoon doodgewoon sy motor geparkeer en na die vensters van die dameskoshuis, De Klerkhuis, gestap.*

*Sy motor is dadelik beset en 'n paar fris rugbyspelers het op hom toegesak.*

*Hy het geen weerstand gebied nie en is na die huisvader, mnr. C. P. van der Walt geneem, waar die Studenteraadsvoorsitter ook teenwoordig was.*

*Geen verdere inligting oor die identiteit van die persoon kan in hierdie stadium bekend gemaak word nie.*

## Blanke Werksaamheid Deur Massa Goedgekeur

**DIE STUDENTEMASSA van die Potchefstroomse Universiteit het hom gisteraand in beginsel ten gunste van blanke werksaamheid onder die Suid-Afrikaanse volk met uitskakeling van die nie-blanke arbeid uitgespreek.**

Mnr. J. S. du Plooy het die kwessie van selfwerksaamheid namens die Studenteraad ingelei en verklaar dat die Afrikaanse volk hand aan die ploeg moet slaan om sy eie toekoms te verseker. „Deur gebruik te maak maak van nie-blanke arbeid grawe ons die graf van Suid-Afrika," het hy verder gesê.

Mnr. Du Plooy het gewys op die vormende waarde van selfwerksaamheid en ook die rektor, prof. J. Chr. Coetzee aangehaal, waar hy studente-selfwerksaamheid as selfstandige studie, persoonlike en aktiewe toewyding aan studentebedrywighede en selfbediening in die maatskaplike omgang beskou.

### IN SKRIFLIG

Selfwerksaamheid is ook in die lig van die Skrif te regverdig, maar dit het veral groot nasionale betekenis. Dr. G. D. Scholtz het by geleentheid verklaar dat alle soort werk deur verskillende individue van een volksgroep gedoen moet kan werk. 'n Volk wat 'n ander volk in sy ekonomiese struktuur inskakel, soos tans in Suid-Afrika die geval is, speel met sy toekoms.

In die Universiteitskoshuise kan selfwerksaamheid toegepas word, het mnr. Du Plooy gesê, maar terselfdertyd moet gewaak word dat dit nie net op eerstejaarsarbeid sal neerkom nie.

### BEGINSEL BESPREEK

Die bespreking van mnr. Du Plooy het gegaan oor die beginsel van selfwerksaamheid en nie oor die praktiese uitvoerbaarheid daarvan nie.

Mnr. Hennie van der Walt, voorsitter van die S.R., het daarop gewys dat selfwerksaamheid van die blankes nie gaan oor die uitskakeling van nie-blankes as arbeiders nie, maar oor die uitwissing van die idee van „kafferwerk".

Op hierdie gedagte is uitgebrei deur mnr. Andries van der Walt, wat uiteindelik die aanvaarde voorstel ingedien het.

● Die Studenteraad van die P.U. het hom reeds by 'n vorige geleentheid ten gunste van selfwerksaamheid uitgespreek.

## All Blacks Besoek Puk



*Tydens hul besoek aan Potchefstroom was die All Blacks ook die gaste van die Universiteit. Asbakkies met die Pukwapen is aan elkeen oorhandig. Op die foto verskyn v.l.n.r.: Henry Steynberg (kapt. van N.-Univ.), Prof. W. N. Coetzee, Mnr. Tom Pearce (Best, All Blacks), Piet Steinberg, en die rektor, Prof. J. Chr. Coetzee.*

# 'N DAME VIR ELKE DRIE MANS OP DIE PUK

**BYKANS 150 DOSENTE is aan die Puk nodig om studerendes en ander te van kennis te voorsien, volgens die jongste uitgawe van Die Veteraan, kwartaalblad van die oud-Pukke, wat gratis aan Pukstudente verskaf is.**

'n Hele aantal interessante feite en statistieke blyk uit hierdie uitgawe. Wie het bv. kon dink dat daar in Augustus 1959 altesame 214 lede op die personeel van die Universiteit was, waarvan 148 doserende personeellede? Hierdie syfer is moontlik op die oomblik 'n raps hoër.

Die Veteraan gee verder ook 'n insae in die studente-statistiek:

Studente met huisadres in Transvaal is, soos verwag sou word, in die meerderheid. Van die 1,635 studente wat aan die einde van 1959 nog aan die Puk was, was 1,242 uit Transvaal afkomstig, 166 uit die Kaap en 156 uit die Vrystaat. Slegs 31 kon daarop aanspraak maak dat hulle Piesangboere is en 29 dat hulle Suidwesters is.

### VAN ELDERS

Uit Suid-Rhodesië het ons Universiteit vyf studente getrek, uit Noord-Rhodesië drie. Van „elders" wat so ver as Kenia is, het drie studente gekom.

Dan was daar aan die einde van verlede jaar sowat drie mans vir elke dame (of is dit een dame vir elke drie mans?) op die Puk. Die totale aantal mansstudente was naamlik 1,172 teenoor 463 dames.

Van boedelskenkings in die voordeel van die Universiteit word ook in Die Veteraan kennis gegee. Die boedel van mnr. P. Hamersma is gesamentlik aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die P.U. bemaak en daarvolgens sal die Kerk en Universiteit elk ongeveer £20,000 ontvang.

Hierbenewens is 'n bedrag van £80,000 uit die boedel van mnr. R. P. Senekal van Steytlerville beskikbaar gestel vir studielenings aan die vier Afrikaanse Universiteite.


**Vakansie!**

**Laat maak 'n portret en verras jou ouers**

KOOP U FILMS BY ONS

Fotokuns

TOMSTRAAT 82—FOON 3185


Op pad . . .



na
GEEN & VELLEMAN
vir hulle
FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.
Volg hom na:
Kerkstraat 178.

EXPRESS
DROOGSKOONMAKERS
ONS IS TROTS OM U TE BEDIEN
DIENS AAN BLANKES ALLEEN
Lombardstr. 25 — Tel. 3403

MOENIE.....



MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!
CORNER FRUIT STORE
„U KEN ONS!"

VIR DAARDIE HOL GEVOEL OP DIE MAAG . .
BAK ONS DIE
Heerlikste Vleispasteitjies
TURKSTRA BAKKERY
(EDMS.) BPK.
KERKSTRAAT 61

die wapad

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

# Mislukte Konferensies en Kontak

LESERS VAN Die Wapad het sekerlik opgemerk dat groot prominensie die afgelope tyd afgestaan is aan twee voorgestelde konferensies tussen die Studenterade van Suid-Afrikaanse universiteite.

Die gedagte het aanvanklik van die P.U. uitgegaan om 'n konferensie te hou waarby sake van studentebelang buite die A.S.B. en NUSAS bespreek sou word. Hierdie konferensie is goedgunstelik teruggetrek ter wille van 'n voorgestelde konferensie van die Natalse Universiteit wat op 'n soortgelyke grondslag as die P.U.-konferensie sou berus. Maar ook laasgenoemde konferensie het in die laaste oomblikke deur die mat geval.

Hoewel al die redes hiervoor in hierdie stadium nog nie beskikbaar is nie, kan 'n mens nie anders as om dit te gaan soek by die onwilligheid van sekere Engelstalige universiteite om hulle te skik na die beleid van in die eerste plek afsonderlike verteenwoordiging van blank en nie-blank en in die tweede plek die praktiese vasstaande en immers gemotiveerde probleme van die Afrikaanse universiteite om nie-blankes te huisves en te ontvang.

Die Studenteraad van Potchefstroom het nog nooit beswaar gehad om met nie-blankes op 'n konfederatiewe basis te verkeer waar die eie identiteit van elke groep behoue bly nie. Dit is egter sy standpunt dat blank deur blank, in geval van gemengde inrigtings die nie-blanke deur die blanke voog en in die geval van die Bantoe Universiteitskolleges nie-blankes deur nie-blankes verteenwoordig sal word. Laasgenoemde kan egter voorlopig buite rekening gelaat word.

Aangesien die eertydse gemengde inrigtings vandag slegs nog in die praktyk gemengd is, maar in teorie dit wesentlik nie meer is nie, kleef hierdie studenteleiers nog krampagtig daaraan vas dat hulle die reg het om na konferensies te stuur wie hulle wil. Hoewel daardie reg hul eie is, is die jongste optrede van die Universiteit Kaapstad om nie die Potchefstroomse of Natalse konferensie te wil bywoon nie omdat slegs die voorsitter en ondervoorsitter van die Studenterade uitgenooi is, geen bewys van pogings tot samewerking en begrip nie.

Dat die Potchefstroomse Studenteraad in die verlede daadwerklike pogings tot samewerking, aanskakeling en kontak gedoen het, ly geen twyfel nie. Daarvan getuig verder die jongste poging tot 'n eie konferensie en die bereidwilligheid om die konferensie ter wille van die Natalse konferensie terug te trek.

In hierdie tyd waarin dit meer as ooit noodsaaklik geword het vir Afrikaans- en Engelstaliges om saam te staan en waarin die lot wat die een tref noodwendig ook die ander sal tref, kan ons by herhaling stel dat die Studenteraad van Potchefstroom sy hand van vriendskap reik aan diegene wat Suid-Afrika eerste stel. Dit gaan vir Potchefstroom nie om die opsegging van beginsels nie, maar juis om—te midde van die erkenning van mekaar se regte—bymekaar te voeg wat bymekaar hoort.

Indien die Engelstalige sentra hierin 'n bedreiging vir hul voortbestaan sien, het hulle dit mis. Maar indien hulle hierin 'n poging tot aanskakeling sien, sal hulle 'n stap tot samewerking vorder.

Pogings tot samewerking kan egter nie net van een kant kom nie. Daarom ontstaan met reg die vraag by Potchefstroom of hy nog die vrymoedigheid aan die dag mag lê om met NUSAS-sentra te skakel. Dit is immers waar dat 'n mens wat sy kop herhaaldelik teen 'n muur stamp, nie alleen hardkoppig raak nie, maar beslis nie gaan aanhou om sy kop te stamp nie.

(Vervolg onder aan volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

In hierdie stadium sou dit egter 'n versaking van plig en roeping wees indien die Potchefstroomse Studenteraad sou besluit om summier alle pogings tot kontak af te las. Wat egter duidelik na vore tree, is dat 'n nuwe benaderingswyse en nuwe weë tot kontak en samewerking gevind moet word.

Wat daardie weë gaan wees, sal ook grootliks bepaal word deur die bereidwilligheid van Engelstalige sentra om hul illusies ter syde te laat en hul kragte te wy aan Suid-Afrika en die studentegemeenskap van die land as geheel.

Die studentemassa het nog altyd agting en vertroue vir die optrede van die Studenteraad in hierdie verband gehad, en daar die Studenteraad nou 'n vrye keuse tot optrede gegee is, is dit ons oortuiging dat hulle hierdie saak oorwoë en taktvol sal hanteer.

Gedruk deur ENSLINS, Potchefstroom.

# In U Lig

**Die agtergrond van hierdie woorde is die volgende: Die Jode wat uit Babel teruggekeer het, woon nou al omtrent vyftien jaar weer in Jerusalem. Hoewel hulle met groot verwagtings na die terugkeer uitgesien het, is hulle tog deur verskeie dinge teleurgestel. As gevolg van droogtes was die opbrings van die land maar swak, en dan is hulle ook nog deur vyande lastig geval.**

Gedurende hierdie tyd het die tempel nog steeds verwoes gelê, net soos die soldate van Nebukadneser dit agtergelaat het. Die Jode het self egter wel hulle eie huise gebou, en nie alleen gebou nie, maar ook op allerlei wyse versier. Daarvoor was daar wel genoeg geld en tyd. Maar op een of ander manier het die tyd en die geld altyd ontbreek om die tempel te herbou.

## WATTER STEMPEL?

Watter stempel sal ons nou aan hierdie Jode gee? Sal ons hulle materialiste, egoïste of een van die baie ander -iste waaroor ons beskik, noem? Ons sal hulle in elk geval as 'n verskriklike ondankbare volk beskou, wat allermins werd is om die volk van God genoem te word.

Maar nadat ons hulle nou veroordeel het, kom die gedagte tog by

**Is dit vir julle self wel tyd om in julle betimmerde huise te woon, terwyl hierdie huis in puin lê? So sê die Here van die leërskare dan nou: Gee ag op wat julle wedervaar het.—Haggai 1 : 4 en 5.**

## BO INKOMSTE

'n Mooi woning het vir die Jode bo aan die lys van noodsaaklike dinge gestaan. Met hulle betimmerde huise het hulle heelwat bo hulle inkomste geleef. Hulle wonings het hulle in die nood gebring en daar het woningsnood ontstaan. Welsyn is gemeet aan die persoonlike geriewe wat elkeen kon geniet, en as daardie geriewe ontbeer moes word, kon hulle byna nie genoeg oor hulle lot kla nie.

Oor hulle eie dinge was hulle baie bekommerd, die dinge van die Here kon hulle egter weinig skeel. Hulle eie huise moes van die allerbeste wees, die huis van die Here kon nog maar 'n puinhoop bly, totdat hulle kans sien om dit ook te herbou.

Daarom wys die Here hulle nou daarop dat daar 'n verband is tussen hulle woningsnood, en die woningsnood van die Here. Die droogte én die verwoeste tempel staan in direkte verband met mekaar.

'n mens op, hoe sal hulle ons beskou as hulle ons sou kon sien. Wat sal hulle byvoorbeeld van my sê as ek wel óp my geloof roem, maar selde in my geloof roem. Dat ek wel baie trots daarop is dat ek 'n gelowige is, maar dit dikwels gerieflikheidshalwe vergeet?

Wat sal hulle van my sê as hulle kan sien dat ek slegs in die Woord van God lees wanneer ek in die aand te vaak is om enig iets anders te doen?

Nou maak dit egter nie saak wat ons van hulle, of hulle van ons sê nie. Maar wat wel saak maak, is wat die Here van ons albei sê. En dit is: Gee ag op wat julle wedervaar het. Na hulle het Hy die profeet Haggai gestuur. Ons egter is erfgename van die nuwe Testament. Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het . . . ook vir u en vir my as ons in Hom glo.

W. L. KUPERUS.

**REDAKSIE EN ADMINISTRASIE:**

HOOFREDAKTEUR ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Dirk Herbst* (X041)
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR ..... *Schalk Hoogenboezem* (X042)
NUUSREDAKTEUR ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Stoffel Cilliers* (X042)
REDAKTEUR TUSSENUNIVERSITêRE
EN BUITELANDSE SAKE ..... ..... ..... ..... ..... *Dewald Roode* (1566)
KUNSREDAKTRISE ..... ..... ..... ..... ..... *Enid Rautenbach* (1385)
SPORTREDAKTEUR ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Isak Lessing* (425)
VARIAREDAKSIE ..... ..... ..... *Piet Bingle en Annemarie Schutte*
NUUSVERSLAGGEWERS:
..... ..... ..... ..... ..... ..... *Gert Scholtz, André Arnoldi en Elsa Pelser*
SPORTVERSLAGGEWERS: *Nic Swart en Marieke v. d. Merwe*
FOTOGRAAF ..... ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Johan van der Merwe* (19)
SIRKULASIEBESTUURDER ..... ..... *Herman Oosthuizen* (X041)
PENNINGMEESTER ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Ernie van der Merwe*
ADVERTENSIEBESTUURDER ..... ..... ..... *Ben Bierman* (1188)
SPOTPRENTTEKENAAR ..... ..... ..... ..... ..... *Ben van der Walt*
TEGNIESE ADVISEUR ..... ..... ..... ..... ..... ..... *Gouws Oberholzer*

# DIE UNIEFEES WAS HEERLIK— MAAR AI . . . SO KOUD!

DIE UNIEFEESWEEK was 'n onvergeetlike week vir die 78 Pukke wat die tydjie in die feesvierende Bloemfontein deurgebring het. Elke dag was volgepak met ondervindinge—sommige interessant, ander grappig en ander ongemaklik.

Die Pukgroep is in Bloemfontein in drie groepe ingedeel: die Koorgroep, die Volkspelegroep en die res. Vervoermoeilikheid was vir hierdie klompie een oorsaak tot ongerief.

Op die vertrekdag, toe hulle die trein terug moes haal, het die busse slegs op die laaste nippertjie opgedaag, terwyl een groep hul opwagting in 'n ambulans gemaak het. Een van die busse weer, het deur 'n doringdraad gejaag in sy haas om die studente betyds op die stasie te kry.

**BESIENSWAARDIGHEDE**

Die Pukke het tydens hul verblyf in die Vrystaatse hoofstad soveel as moontlik besienswaardighede gaan besigtig, o.a. die Vrouemonument, die Museum en die wapenskou op De Brug. Elke aand is die Feesverrigtinge in die Vrystaatse Stadion bygewoon.

Wat vir baie die indrukwekkendste van die hele fees was, was die skouspelagtige wapenskou van die Weermag, waarby nagenoeg honderdduisend toeskouers teenwoordig was.

Die Universiteitskoor, wat drie keer opgetree het, is oor die algemeen deur die publiek as die beste beskou ná die koor van Rhodes. Die volkspelers het hul self goed van hul taak gekwyt in die massavertonings.

**KOUD**

Koue was die vernaamste klagte wat die Pukke gehad het oor hul verblyf. Een groep moes in tente slaap waar daar glo net koue water beskikbaar was om in te was en in te stort. Hierdie groep se vervoerprobleme was egter opgelos nadat hulle twee Tuksstudente met 'n ligte vragmotor raakgeloop het en die Tukkies geneë was not interuniversitêre samewerking.

'n Ander groep het weer in sale geslaap waar daar tot 500 beddens was en die grootste ergenis hier was natuurlik die gesnork.

Die aande om die kampvure, sê die Pukke, het opgemaak vir al die ongerief. Om die kampvuur het dit so plesierig gegaan dat die klomp die laaste nag toe maar dwarsdeur die nag by die vure gesit het!

## Bring Beddegoed en Toer Heerlik!

Die populêre Beira-studentetoer neem die end van Juniemaand weer 'n aanvang. Vrydag 24 Junie om 1.30 vertrek die toerlede vanaf Worcester na Johannesburg en die noorde.

Gedurende die vier-en-twintig dae wat die toer duur, word plekke soos die geskiedkundige Matoppos, die Victoriaval, die Kariba - skema, Salisbury, die Gorongoza-wildreservaat, Oos-Afrika, Beira en die Zimbabwe bouvalle besoek.

Studente moet slegs hulle eie beddegoed en eetgerei verskaf, en hulle bagasie moet nie meer as veertig pond gewig beloop nie.

Die koste aan die toer verbonde is £65.

**Uit die mond van die suigeling . . . . !**



Dameth en Heerge

**Die Bult Apteek**

IS TOT U DIENS

Vlak onder u Neus

Tel. 3091 Tomstraat 86

## SIELKUNDIGES STIG VERENIGING

'n Tak van die Suid-Afrikaanse Sielkundige Vereniging is onlangs aan die Universiteit gestig. Sowat 33 stigterslede, waarvan 17 voorgraadse studente in Sielkunde, was teenwoordig op die vergadering.

Dr. C. F. Schoeman is tot voorsitter verkies.

Die ander lede van die bestuur is: ondervoorsitter, dr. D. J. W. Strümfer, sekretaris/tesourier, mnr. J. W. Kluyts en addisionele lede, prof. J. M. Hattingh en mnr. P. G. W. du Plessis.

## Samewerking Beoog

'n Skema waarvolgens studente aan verskillende Universiteite die geleentheid sal hê om regstreeks mekaar gedagtes te wissel, word beplan deur persone aan die Onderwyserskollege.

Die hoofredakteur van Die Pootjie, studenteblad van die P.O.K., mnr. Gert Pretorius, het reeds met verskeie hoër opvoedkundige inrigtings in die land geskakel, en gunstige reaksie is ontvang.

Die skema is daarop gemik om veral samewerking tussen Afrikaanse en Engelse Universiteite te verbeter. Landsvraagstukke en sake wat van gemeenskaplike studentebelang mag wees, sal bespreek kan word deurdat gedagtes hieroor in die verskillende studenteblaaie gewissel sal word.

Die hoofredakteur van Die Wapad het ook skrywe in die verband van mnr. Pretorius ontvang.

## Unie-Statistiek


*Die Suid-Afrikaanse Buro van Sensus en Statistiek het onlangs 'n jubileum-uitgawe ,,Uniestatistieke oor Vyftig jaar", gepubliseer.*

*Die boek bevat 'n uitgebreide studie oor onderwerpe soos die volgende: bevolking, gesondheid, pryse, misdade en oortredings, landbou, mynwese, nywerheid, e.a. Daar is meer as 400 bladsye van statistiese tabelle en ses grafieke.*

*Eksemplare is verkrygbaar van: Die Staatsdrukker, Pretoria (of Kaapstad) teen die prys van £1-1-0.*

## DIRIGENT IN ONGELUK

Idyll van der Walt, vanjaar se hoofdirigent, en Blanje Combrinck, die bekend korfbalspeelster, het verlede Woensdagaand beserings opgedoen in 'n motorongeluk waarin hulle betrokke was.



Idyll van der Walt.

Die beserings is nie ernstig nie maar die motor waarin hulle gereis het, is na verklaar word, onherstelbaar beskadig.

Hulle moes deur 'n venster klim om uit die motor te kom. Idyll het 'n ligte kniebesering en 'n paar snye in die gesig.

Die motor waarin Idyll en Blanje gery het, het aan mnr. Calie Goosen behoort.

# BLOEIENDE EKONOMIE VERG ONDERNEMINGSGEES

,,ONS HET DIE KAPITAAL en ons het die leiers in Suid-Afrika. Wat ons nou nog kortkom is ondernemers met kennis en kapitaal en die durf om 'n nuwe saak aan te pak," het dr. M. S. Louw, bekende Afrikaanse ekonoom, voor die Ekonomiese Vereniging van die P.U. vir C.H.O. verklaar.

Dr. Louw het gepraat oor die Suid-Afrika en gesê dat hy hom Afrikaner in die finansiewese van onder die optimiste skaar wat glo dat daar 'n goeie ekonomiese toekoms op Suid-Afrika wag.

Dr. Louw het gesê dat ons in Suid-Afrika ook reeds die ondernemersklas het en sukses behaal het wat vertroue wek na binne en na buite. Die Afrikaanse spaargeld moet nou net meer in die Afrikaanse stroom gestuur word en 'n groter deel daarvan moet as risikokapitaal aangewend word vir gebruik deur Afrikaanse ondernemings.

VERLEDE

Twintig jaar gelede het die totale Afrikaanse bates in beleggingsinrigtings sowat twintig miljoen pond beloop. Vandag is die syfer sowat £250 miljoen, met 'n gemiddelde jaarlikse aanwas van sowat £25 miljoen.

Hierdie ontwikkeling het gepaard gegaan met die stigting van verskeie nuwe Afrikaanse beleggingsinrigtings soos Volkskas, met 'n kapitaal van £70 en die Trustbank met 'n kapitaal van £30 miljoen asook bouverenigings en lewensversekeringsmaaskappye. Op die oomblik is daar 'n beweging aan die gang om 'n beleggingskorporasie in Johannesburg te stig.

,,Die finansiewese van die land kan dien as die vernaamste middel om die ideale waarna ons strewe, naamlik die verkryging van 'n eie en selfstandige ekonomie, te bereik," het dr. Louw gesê.

SELFSTANDIG

Hy het ook gesê dat die geleidelike selfstandigwording van die volkshuishouding 'n ideaal is en dat mits ons ons politieke probleme kan oplos, daar groot vordering op elke gebied van die land se ekonomie gemaak gaan word.

In hierdie verband kan iets soos 'n buitelandse boikot ook 'n goeie uitwerking hê omdat dit ons meer selfstandig kan maak. So het die Wêreldoorloë en die tydperk van invoerbeheer die land se ekonomie laat opbloei.

Dr. Louw het 'n oorsig gegee van die finansiewese en sy ontwikkeling in die laaste tien jaar tot 1958. Die netto-volksinkome het met 126 persent vermeerder, teenoor 'n vermeerdering van 132 persent van die volksbates. Hierdie geleidelike groei van die geldmark in die Unie in die na-oorlogse jare is 'n teken van rentebewuswording van ons land.

Dit is ook van besondere betekenis dat die groot maatskappye, gestig met Afrikaanse kapitaal, gehelp het tot die stigting van ander Afrikaanse belangstellings. Die besparings in die land geskied tans hoofsaaklik met eie kapitaal, en daar is nog groot bedrae aangewend om ons buurstate te help.

Dr. Louw het gesê dat die konsentrasie van die Afrikaanse finansiewese in die Suide daaruit te verklaar is dat dit sy beslag daar gekry het. In die jongste tyd is daar egter 'n neiging in die Afrikaanse finansiewese om noordwaarts te beweeg.

**NOORDBRUG KONTANTWINKEL**

(Eienaar: A. G. Botha)

Vir

LEKKERS, SIGARETTE en TOILETWARE

KRUIDENIERSWARE, SKRYFBEHOEFTES.

●


Langs Noordbrug-Poskantoor

**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertandlekker hap neem - is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle - die keurbier vir louter plesier - in kannetjies of bottels.



**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**

Grant 345/5877-2A



*,,Aitsa!"*

*As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:*

**J. TOD SUTTIE**

Kerkstraat 177 — Telefoon 1

POTCHEFSTROOM

# MUSIEKVERENIGING BIED PUIK PROGRAM AAN

DIE BEROEMDE Suid-Afrikaanse operasangeres, Maud Weyhausen, sal Donderdagaand, 24 Junie, 'n uitvoering in die nuwe Konservatoriumsaal lewer.

Maud Weyhausen is tans verbonde aan die operahuis van Klagenfurt (Oostenryk) en het al groot roem oorsee verwerf. Sedert sy die Unie enkele jare gelede verlaat het, het sy al in 21 operas die hoofrolle in die vernaamste operateaters en konsertsale van Europa vertolk. Sy was ook al verbonde aan die stadsoperas van Basel, Luzern en Ulm.

Die mezzosopraan, Maud Weyhausen het haar onderrig aan die Royal College of Music in Londen ontvang en het ook etlike jare in Parys en Wenen studeer.

Sy het so pas die rol van Maddalena in Verdi se **Rigoletto,** vir die Uniefeesoperas baie geslaagd vertolk. Sy het ook spesiaal haar kontrak met die operahuis van Klagenfurt gekanselleer om aan die Uniefeesoperas te kon deelneem.

### SANGUITVOERING

Onder beskerming van die P.U.-musiekvereniging lewer sy 'n sanguitvoering tydens haar besoek hier. By die geleentheid sal sy liedere van Händel, Bach, Brahms, Kodaly en 'n paar Suid-Afrikaanse komponiste lewer. Die hoofdis van haar program sal stellig die twee opera-arias van Puccini wees. Met vergunning van die S.A.U.K. sal die bekende Suid-Afrikaanse pianis, Anna Bender, haar aan die klavier bystaan.

## OORSEE

Dr. M. A. du Toit Meyer, dosent aan die P.U. vir C.H.O., wat 'n toekenning van die Nuffieldbeurs ontvang het, vertrek eersdaags na die buiteland vir verdere studie.

Dr. Meyer sal 'n jaar lank gespesialiseerde navorsing doen aan die Universiteit Durham, in Engeland, onder prof. G. D. Rochester in verband met kosmiese strale. Hy sal sy studie aanpas by navorsing wat die afgelope jare in Potchefstroom gedoen is.

Dr. Meyer het sy doktorsgraad in Fisika aan die Universiteit Delft, Holland, verwerf en is 'n oud-leerling van die Hoërskool Parys.

## AFRIKAANSE VOLK OP VOORPUNT

*„Ons volk van anderhalfmiljoen mense staan losvoor op die gebied van die vaktaalontwikkeling, in vergelyking met ander lande met veel groter bevolkings," het die direkteur van die vaktaalburo van die Suid-Afrikaanse Akademie, dr. H. J. Terblanche, gesê in sy lesing Dinsdagaand 7 Junie voor die Potchefstroomse Studiekring.*

*„Ons taal in die kern van ons bestaan," het dr. Terblanche gesê en vanuit hierdie standpunt praktiese probleme behandel i.v.m. die Afrikaanse taal. Hy het onder meer gepraat oor probleme van spelling, woordafleidinge en ontleninge.*

*Dr. Terblanche het verder verklaar: „Hier by ons het iets heel besonders gebeur, omdat terminoloë die rol moes vervul van taalskeppers, in plaas van die volk".*

# HANDBOEKEKSAMEN: UITSLAE BINNEKORT

Die uitslag van die Studentehandboekeksamen sal nog voor die einde van die kwartaal aangekondig word, het mnr. J. J. de Wet Krüger, konvenor van die Studentehandboekkomitee, gesê.

Altesaam 249 studente het die eksamen aangedurf waarvan 69 senior studente is. Die persoon wat die hoogste persentasie behaal het was 'n man met 76 persent en die laagste, ook 'n man, het 7½ persent.

**Mans:** 83 uit die 156 eerstejaars het die eksamen afgelê, 43 slaag, 12 grensgevalle en 28 druip.

**Dames:** 97 uit die 124 dames eerstejaars het die eksamen afgelê, 52 slaag, 19 grensgevalle en 26 druip.

Daar is dus presies 100 eerstejaars, 72 mans en 27 dames, wat nie eksamen afgelê het nie, d.w.s. 35.7 persent uit die totaal van 280.

## „DIE LIGBLOU VAAS"

*Thalia-Toneelvereniging bied op Vrydag, 17 Mei 'n opvoering aan van Gerhard Beukes se eenbedryf, „Die Ligblou Vaas", in die Totiusgendenksaal.*

*Mnr. H. B. van der Walt en mej. A. Pretorius vertolk die hoofrolle in die eenbedryf.*

# PUKKE BESOEK ZOELOELAND

**Sewe Pukstudente, onder wie twee dames, het gedurende die afgelope spesiale vakansie 'n besoek gebring aan die Zoeloekoning, Cyprian Bekizulu.**

Hierdie besoek is afgelê as deel van 'n toer na Zoeloeland, wat deur die Departement Bantoetale aan die Universiteit aangebied is.

„Die toer was net fantasties," het een van die sewe studente sy mening na afloop daarvan gelug en almal het met hom saamgestem.

Die studente, vergesel van twee lektore, het op Dinsdag 23 Mei per jeep hiervandaan vertrek en kamp opgeslaan te Nongoma.

### BANDOPNAMES

Tydens hulle verblyf op Nongoma het die groep die regerende Zoeloekoning besoek en ook gaan kyk na die ou krale waar Zoeloekonings uit die verlede gewoon het. Daar is verder tipiese Zoeloestatte besoek en ook bandopnames gemaak van die vertellings van ou Zoeloes. Die groep het die geleentheid gekry om 'n Zoeloe-hofsitting en 'n kerkdiens by te woon.

In die baie gesellige atmosfeer van kampvure, braaivleis en stywepap het die toergroep 'n aangename en leersame tydjie deurgebring wat hulle nie maklik sal vergeet nie. Hulle het weer op Maandag 30 Mei teruggekeer na Potchefstroom.

Mnr. J. Breed, hoof van die Departement Bantoetale, deel mee dat daar waarskynlik in die toekoms nog vele sulke uitstappies deur die Departement gereël sal word.

# SUID-AFRIKAANSE KUNSPRESTASIES

DIE PERIODE na die tweede wêreldoorlog is van groot belang vir die vestiging van ons kunstradisie, en dit is veral in hierdie tydperk dat die Suid-Afrikaanse kuns begin bloei.

Tweërlei faktore is verantwoordelik hiervoor: (i) Groot immigrasieskemas is aan die orde van die dag en Suid-Afrika se deure staan oop vir oorsese kunstenaars; (ii) die Suid-Afrikaners, wat op die oorlogsveld was, keer nou terug met 'n rykdom van nuwe idees en kultuurtradisie. Die Suid-Afrikaanse kuns kry nou opnuut lewe en stimulus.

### PRIMITIEWE KUNS

In die Europese kuns is daar in hierdie tydstip 'n baie belangrike nuwe kunsstroming wat wil inkeer en terugkeer na die primitiewe en die naïewe. Die sogenaamde Primitiewe kuns maak nou sy verskyning. Die kunstenaar put voortaan sy inspirasie uit die primitiewe oorblyfsels van die Middeleeuse en die ander primitiewe inboorlingkuns van die wêreld.

Waar die Europese kunstenaar ver moet soek na voorbeelde van primitiewe kuns, staan die Suid-Afrikaanse kunstenaar as't ware omring deur primitiewe kuns van die inboorlingrasse. Ryke vondse word byvoorbeeld aangetref in Midde-Afrika en die Boesmantekeninge van Suid-Afrika is 'n goeie teelgrond vir die kunstenaar. Met een reuse sprong kon die Suid-Afrikaanse kunstenaar nou sy kultuurgebrek oorkom en midde saam met die Wes-Europeër in 'n kunsstroming staan.

**Die laaste artikel in die reeks oor S.A. kunsprestasies deur die kunsredaktrise verskyn hiermee.**

### WALTER BATTIS

Ons bekendste primitiewe skilder wat al groot prestasie op hierdie gebied behaal het, is Walter Battis. Daagliks groei die garde van primitiewe kunstenaars aan, sodat daar nog veel van die Suid-Afrikaanse kunstenaar op dié gebied verwag kan word.

'n Ander kontemporêre kunsstroming van Europa wat diep inslag hier in Suid-Afrika gevind het, is die abstrakte kuns. Hierdie rigting kan nie gelokaliseer word tot een land en een volk nie, maar is internasionaal van aard en omvang.

Oook die Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Wim Blom en Bettie Celliers-Barnard presteer goed op hierdie gebied en behaal nie slegs nasionale faam nie, maar ook internasionale erkenning en beroemdheid.

Dit moet egter in aanmerking geneem word dat dit hoofsaaklik die Suid-Afrikaanse stedelike kunstenaar is wat die voortou neem en nasionaal sowel as internasionaal presteer. Een van die huidige krisisse in die Suid-Afrikaanse kuns, is die breuk wat daar is tussen die romantiese plattelandse skilder en die intellektuele stedelike kunstenaar.

Die Suid-Afrikaanse kunstenaar het al groot hoogtes in sy kuns bereik, maar daar lê nog groot en braak velde oop.

## PROF. DEKKER VOOR ESTRARTE

Op Woensdag, 15 Junie word 'n ledevergadering van Estrarte Letterkundige Vereniging aangebied in die studentesaal met prof. G. Dekker, bekende kritikus, as spreker oor die onderwerp: „Hoeverre mag die kunstenaar gebruik maak van Bybelse motiewe in kuns, met besondere toespitsing op ons jongere poësie en D. J. Opperman se „Kersliedjie".

Die neiging ontstaan dat die kunstenaar sy gesag uitbrei oor die Woord van God en wil ingryp in die verborge geheimenisse van God. Die gesag van die Bybel word dikwels deur die kuns vervlak en in 'n lig gestel as sou dit bloot 'n mitologiese voorstelling wees. Op die vrae, en nog meer, sal prof. Dekker duidelike lig laat val.

## Engelse Poësie in S.A.

**'n Besoekende Amerikaanse hoogleraar het Dinsdagaand gewaarsku dat Suid-Afrika se Engelse letterkunde nie afgeskeep moet word nie.**

Hy is prof. Joseph Jones, van die Universiteit van Texas, V.S.A. wat op besoek in die land is en Dinsdagaand voor 'n gehoor in die hoofgebousaal opgetree het.

Prof. Jones het gepraat oor die Engelse digkuns in Suid-Afrika en gedigte van Delius, Bosman, Slater, Campbell, Hayward en Butler voorgelees. Hierdie gedigte het gehandel oor die see, daaglikse werk, dierelewe, die mens en die politiek. By wyse van vergelyking het prof. Jones gedigte wat oor hierdie onderwerpe handel en deur die Amerikaanse digter Robert Frost geskryf is, voorgelees.

Prof. Jones het gesê dat vir Engelse letterkunde daar nie noodwendig na die buiteland gevra moet word nie. Suid-Afrika het reeds 'n Engelse letterkunde opgebou en daar is nog baie plek vir nuwe letterkundiges in Engels.

Die letterkunde van die Statebondslande is prof. Jones se groot belangstelling en hy het reeds Australië en Nieu-Seeland besoek. Tydens sy verblyf in Suid-Afrika gee hy veral lesings aan Wits en U.K.

ONS BESIGHEIDSNAME SPREEK VANSELF !

PARK VRUGTEWINKEL
PARK KRUIDENIERS
PARK FIETSE

(F. F. Tranter)

Tel. 995 Van Riebeeckstraat, POTCHEFSTROOM



Claustrophobia ?

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?

MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —


KOM NA

PRO REGE PERS

DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT

Kerkstraat 95 — Tel. 1164



MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt (EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929



KWALITEIT?

INDERDAAD, MY VRIEND! by

H. & H.J. JUWELIERS

129 Kerkstraat. Tel. 1031

# Mans en Dames Stort Saam by Uniefees

**DIE PUKKE WAT die afgelope Uniefeesverrigtinge in Bloemfontein bygewoon het, sal een voorreg (sic!) glo nooit vergeet nie. Dit is dat hulle saam met die dames gestort het.**

Maar voordat Die Wapad se lesers nou hond se gedagtes kry, moet vertel word dat daar afskortings tussen die verskillende stortbaddens was. Dit het egter nie verhoed dat gesamentlike liedjies gesing is nie!

Die Pukke sê dat hierdie voorreg die koue so effe verdrywe het!

Twee Pukke het egter nie vir hierdie grap geval nie en een van Bloemfontein se hotelbadkamers beset asof hulle die besitters daarvan was. Hulle is Chris Bornman (jnr.) en Pottie Potgieter. Mooi so!

* * *

Die eerstejaars het natuurlik weer 'n groot aantal „wyshede" kwytgeraak met die handboekeksamen. Hier volg enkeles daarvan.

Oor die reorganisasie van die studentelewe sedert 1955, is gesê:

Onder die S.R. is nou 'n Eerstejaarskomitee en 'n Kafeteriakomitee; die Musiekvereniging het 'n aantal konserte gereël en selfs 'n paar simfoniekonserte (met trots?). Ook is is 'n aantal toneelopvoerings op planke gebring. **(Kandidaat van Bommel, ens.)**

* * *

OORSPRONG VAN GESAG

1. Van Korps,
2. Van die Calvinistiese gesagsopvatting,
3. Van die Gereformeerde Kerk oor die Teologiese Skool na die P.U. vir C.H.O., en
4. Van Calvyn.

Onstaan van gesag: D.m.v. wetgewing.

* * *

Die P.U. vir C.H.O. is 'n universiteit met 'n baie geskiedkundige geskiedenis.

* * *

Die S.R. oefen sy gesag onder die studente uit deur op 'n verkiesing lede van die S.R. te kies wat die studentemassa sal lei en regeer.

Tydens die oorlog is die Universiteit opgebreek en moes elkeen sy plig as Christen en Calvinis op die slagveld gaan volbring.

* * *

Die S.R. van die P.U. vir C.H.O. oefen sy gesag uit na binne, na buite en na weerskante.

* * *

TAAK VAN DIE STUDENT

● Om hom te hou by die reëls wat vir hom gestel is en te sien dat hy altyd onthou hy is maar net student.

● Moet sy gewig inwerp in alle dele van die studentelewe en niks oordryf nie.

● Verskillende geslagte moet hulle gedra teenoor mekaar.

● Die idee van 'n christelike universiteit is om mense op te lei vir 'n vrugbare lewe gegrondslag op 'n godsdienstige basis.

* * *

NUUS UIT DIE VERRE WESTE

Vorstershoop.—Tydens die pasafgelope vakansie het **Nic Vorster, Koos Coetzee, Toon Roets** en **Johnny Knox** vir Vostershoop rugby gespeel teen Vergelegen. Vorstershoop en Vergelegen 13—3 geklop, en die here se aandeel was glo nie té gering nie!

VERLOOF

**Johan van der Vywer** en **Elma Kriek.**

**Jan de Beer** en **Marlene van der Walt.**

**Hekkie Harmse** en **Marina Scheepers** (oud-Pukhoofdame).

GEKYS

Asof Puk se oorwinning teen Pote verlede Saterdag op die rugbyveld nie genoeg was nie, het **Van Staden Roos** 'n verdere oorwinning teen 'n Poot behaal. Hy het **Susan Coetzee** vir hom verower.

Ander wat gekys het, is:

**Jan Scholtemeijer** en **Sannie van der Walt,**

**Hennie van der Walt** (jnr.) en **Francoisé Coetzee,**

**Adam van Wyk** en **Adri Hoogenboezem,**

**Louis Botha** en **Bets Strijdom,**

**Hoppie Roets** en **Lacea de Klerk.**

**Bernard Buys** en **Rina le Roux,**

**Pieter Heslinga** en **Kattie Oosthuizen.**

En die kys van die jaar—**Willie Kuperus** en **Rina du Plessis.**

'n Enkele verhouding is die van **Teetse Voster** en **Marie Denkema.**

Hartlik geluk aan al die veroweraars.

Flitsberig: Daar word gesoek na **Hans van Zyl** se wasgoed. Hy beloof vergoeding aan die persoon wat dit terugvind!

* * *

Die redaksie vra om verskoning dat twee gekysdes se name in die vorige Wapad verkeerd aangegee is. Dit moet nie lees Dries Kotze wat met Annetjie Oberholzer gekys is nie, maar wel **Dries Coetzer** met **Annetjie Oberholster.** Hartlik geluk!

## DIE PUKKIE HOU VAKANSIE

**Diep in die Vrystaat en Natal, selfs tot in Margate, lees die mense al Die Pukkie.**

Gedurende die Uniefeesvakansie het vier Pukke, mnre. J. de Wet Krüger en G. Scholtz en mejj. C. Postma en A. Euser en twee matrikulante van Gimmies, Jan Krüger en Marie Pienaar, 'n besoek aan Margate gebring en in 'n japtrap £2 se Pukkies van die hand gesit.

Jan Kruger het twaalf verkoop.

Hy kom volgende jaar hierheen en hoop om op grond hiervan nie so kras ontgroen te word nie.

BRIEWEBUS


**Briefskrywers word daarop gewys dat hulle, indien van 'n skuilnaam gebruik gemaak word, ook hul eie name moet teken, anders kan die brief nie geplaas word nie.**

**Dit is die geval met die (ietwat duistere) brief van Chrynolomicea.**

## PUK STEWIG IN DIE LIGA

**Nadat Puk vir Pote verpletterend verslaan het met 19 punte teen drie, is die eerste rugbyspan nou voor op die puntelys in die Neserliga.**

Soos 'n ware kampioenspan het die Pukke met pragtige rugby vir Normaal oormeester. Oop rugby was die regte teenvoeter vir die tradisionele hoogskop-en-storm-taktiek van die Swartetjies. Ongelukkig kon die Pukke nie die pas volhou na rustyd nie en het plek-plek slordig vertoon.



Carel Grundlingh.

'n Kenmerk van die wedstryd was die briljante vertoning van die jong losskakel, Carl Grundling, wat gate in Normaal se driekwarte geslaan het. Sy breekslae was klassiek en het gelei tot twee drieë. Die Pukagterlyn was elke keer gevaarlik en het mooi afgerond vertoon. Schalk Hoogenboezem was goud werd vir sy span en het telkens benarde posisies gered.

Koos du Plooy, Leon Thom (wat vleuel gespeel het), Jan van der Schyff, en Grundling het drieë gedruk en Hoogenboezem het sewe punte met sy skoen aangeteken.

● Indien die Pukke eerskomende Saterdag iets teen Lichtenburg wil uitrig, sal hulle die Verwes-Transvalers dieselfde medisyne moet ingee waarmee Pote gedous is.

# Sportkroniek

Die uitslae van ander rugbywedstryde Saterdag is soos volg:

**Navy** klop Western Reefs 5—0; **Fires** klop Western Reefs 37—0 en **Tekkies** klop Goldfields-wes 13—8.

* * *

TAFELTENNIS

In die eerste ligawedstryd van die jaar teen die Nederlandse klub, Klerksdorp, het die Puk daarin geslaag om hulle teenstanders deeglik die loef af te steek. Die mans se eerste span het gewen met 10—0, die tweede span 9—0 en die dames 10—0.

* * *

TENNIS

● Fryhoff Albertyn het die Wes-Transvaalse kampioenskap verower.

● Verlede Saterdag het die Pukke daarin geslaag om Ventersdorp in die Potchefstroomse wintertennisliga te klop.

● Twee Pukke, Albertyn en Dawie du Plessis, het bygedra om die plattelandse skild vir Potchefstroom, na vier jaar, te herower.

* * *

LANDLOOP

Tydens 'n onlangse landloop, het Thomas Lotz goed vertoon deur 'n tweede plek te behaal oor 'n afstand van byna 7½ myl deur veld en slote.

Altesaam 17 atlete het deelgeneem, onder andere atlete van Lichtenburg, P.O.K. en P.U.

Ander P.U.-atlete wat deelgeneem het, was J. Meintjies—8ste; Johan Buys—11de; G. Scholtz—14de, met byna 'n kwart myl voorsprong en H. van Green—15de.

D. Donald van P.O.K. was eerste.

* * *

S.A.U. WINTERSPORT

Vir die eerste keer in jare stuur die P.U.-atletiekklub 'n span na die landloopkompetisie van die S.A. Universiteite.

'n Span van ses mans sal Saterdag, 2 Julie, in Pretoria te staan kom teen van die beste landloopatlete in die land. Die span bestaan uit J. van der Walt, T. Lotz, D. Donald, L. Viljoen, R. Appel en C. Viljoen.

## JUDOKLUB MIK HOOG

Die jong Judoklub is vinnig besig om tekens van vooruitgang te toon. Dit is hoofsaaklik te danke aan die besondere ywer van die lede.

Chris Martiz, kaptein van die klub, het in 'n onderhoud verklaar dat hul vanjaar vir die eerste keer aan die interuniversitêre sporttoernooi in Pretoria gedurende die eerste week in Julie gaan deelneem. Hul wil graag ondervinding opdoen en is van plan om mooi Judo te lewer.

VYF LEDE

'n Span bestaande uit vyf lede sal aan hierdie toernooi deelneem. Hulle is: Aucamp (wat as kaptein sal optree), Swartz, Baumbach, Kamffer, Greeff en De Beer (reserwe).

As die Pukke goed vaar op hierdie toernooi, kan hulle sterk aanspraak maak om onder die patronaatskap van die S.R. te kom en die Judoklub by die S.S.B. in te skakel.


AJAX

BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES

Kerkstraat 159 Foon 3458
POTCHEFSTROOM



DIENS!

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

SUID-APTEEK
BOTHASTRAAT 80

PROTEA-APTEEK
KERKSTRAAT 86

Cachet Modes

(Edms.) Bpk.

Tomstraat 92 Telefoon 1389

POTCHEFSTROOM

Ons spesialiseer in DRAG VIR JONG DAMES, veral KERKDRAG.

NOMOTTA-WOL
in voorraad

Waarom na amateurfotograwe gaan, as

BEYERS CLAASSEN
LOMBARDSTRAAT 52

tot u beskikking is?

Bel 455 Potchefstroom as u slegs met die beste tevrede is

# PUKKE SUKKEL MAAR KLOP WESTERN REEFS NAELSKRAAP

**DIE PUKKE het Saterdagmiddag op Olënpark teleurgestel en Western Reefs naelskraap met 16—14 geklop om sodoende hulle voorsprong in die liga te behou.**

Van skouspelagtige rugby en mooi bewegings was daar weinig sprake en 'n mens het soms gewonder of dit dieselfde span is wat Pote die vorige Saterdag dronk gehardloop het.

Hoewel die Pukke sonder vier van hul staatmakers — Toy Dannhauser en Piet Steinberg is op die krukkelys en Leon Thom en Jan van der Schyff het vir Wes-Transvaal gespeel — was dit geen rede vir hul swak vertoning nie, want Western Reefs het self nie wafferse voetbal gespeel nie.

VASGELÊ

Planmatigheid, deurdringingsvermoë, besieling en slaankrag het ontbreek en die bal het baie stadig uit die skrums en lynstane gekom. Bowendien is Bok Fourie deur Western Reefs se skrumskakel, Van der Wath, en die flanke, Louis van Wyk en Peet van den Heever, so vasgelê dat Grundling weinig beweegruimte gegun is.

In die laaste vesting het Schalk Hoogenboezem nie alleen tien van sy span se punte aangeteken nie, maar deurgaans veilig en met vertroue gespeel.

Vir Western Reefs het Ron Edington, die heelagter, drie strafskoppe oorgeklits, terwyl Van Wyk 'n drie gedruk het wat deur Van der Wath vervyf is.

Lionell Phillips het die Pukke se eerste drie vroeg-vroeg gedruk. Vyf minute voor die eindfluitjie was die telling nog 14—11 in Western Reefs se guns.

In hierdie stadium het die Pukke egter alles in die stryd gewerp.

Koos du Plooy het 'n sekuur hoekskoppie van Grundlingh pragtig raakgevat en die eier agter die doellyn gaan plant. Hoogenboezem het die wenpunte op die telbord laat verskyn.

NOG SPORT OP BL. 5

## Rugbytoerspan

Die volgende spelers is gekies om die rugbytoer tydens die wintervakansie mee te maak:

Schalk Hoogenboezem, H. B. van der Walt, Jan van der Schyff, Leon Thom, Lionel Phillips, Carl Grundling, Bok Fourie, Piet van der Schyff, W. de Waal, A. Dreyer, Frans de Bruyn, Piet Bingle, De Wet Kruger, Piet Bosman, Herman Venter, Toy Dannhauser, Lourens Erasmus, Johan de Bruyn, Hannes Els en Willem Grönum.

**Wes-Transvaalse SPORT-WINKEL**

KERKSTRAAT 85

*Ons spesialiseer in*

★ **Sportbenodigdhede**

*en*

★ **Herstelwerk aan Tennisrakette**

**W. LINDEQUE**


'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!

Kerkstraat 64 Telefoon 1280



SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE!

**Adverteer in DIE WAPAD**



Leon Thom.


## Pukke Speel Vir Mielieboere

**Tydens die afgelope naweek was die Puk goed verteenwoordig in die rugbyspanne van Wes-Transvaal wat teen Noord-Transvaal gespeel het. Die eerste span se gevierde senterpaar, Jan van der Schyff en Leon Thom, is saam ingespan om die Ligbloues te tem.**

**SPEEL VIR WES-TRANSVAAL**

*Barry Pithey, wat vanjaar 'n groot krag in die Puk se hokkiespan is, het die Wes-Transvaalse hokkiespan na Kenia getoer. is 'n ervare speler en het verlede jaar saam met die Suid-Afrikaanse studente-hokkiespan na Kilimandjaro getoer.*

*Hy behoort gedurende die sporttoernooi hierdie prestasie te herhaal. Vanjaar is Pithey 'n nagraadse student in Chemie. Ons harteike gelukwense.*



Jan van der Schyff.

Die juniors het ook begin tande wys en sewe van hulle is gekies vir die Wes-Transvaalse onder 19-span. Die spelers is „Klein Pottie" Potgieter (ook kaptein van die span), Johan van der Schyff, Willem Vorster, Thys Louw, Barend Lessing, T. C. Coetzee en Jan Ackerman. Laasgenoemde twee spelers kon weens beserings nie speel nie. Die reserwe was Koos Hattingh.

● Aan hierdie senior- sowel as junior Mielieboere namens die Sportredaksie ons hartlike gelukwense.

# HOKKIESPAN SIT SEGETOG STEEDS VOORT

DIE EERSTE MANSHOKKIESPAN vaar tans baie goed in die liga en het, afgesien van 'n neerlaag vroeg in die seisoen teen Goldfields en 'n wedstryd wat gelykop geëindig het, al hul wedstryde gewen.

Die Pote moes die aftog blaas met die reuse telling van 10—3. Soos blyk uit die telling was hierdie wedstryd eensydig. Verlede Saterdag het Puk die gedugte span van Rustenburg 6—0 die loef afgesteek. In alle afdelings van die spel was die Pukke hulle oor: die voorlyn het hul teenstanders in die war gebring en die Puk het rotsvas verdedig.

Doele is aangeteken deur Vic van Aswegen (3), Gert Snyman, Barry Pithey en André Muller.

Die tweede span het Saterdag geskiedenis gemaak deur Lichtenburg 4—1 te trap: dis die eerste wedstryd wat hierdie span vanjaar wen. Deurgaans was die Pukke se verdediging uitmuntend, maar die aanval het veel te wense orgelaat. Herman Louw het as doelwagter uitgeblink. Jan Boneschans, Hannes Liebenberg en Matie Roussouw, wat as kaptein vir 2 doele gesorg het, het vir Puk doele aangeteken.

# GIMNASTIEKKLUB AAN P.U. IN DIE LEWE GEROEP

**'n Gimnastiekklub is onlangs vir die eerste keer op die Puk in die lewe geroep. Mnr. Wynand Putter, lektor in liggaamlike opvoeding, is gekies tot voorsitter. Belangstelling in gimnastiek het so toegeneem, dat die stigting van die klub noodsaaklik geword het. Benewens hierdie klub, bestaan daar nog die Dorpsklub vir Gimnastiek.**

Op 'n onlangs gehoue bestuursvergadering het mnr. Putter die hoop uitgespreek dat die klub spoedig onder patronaatskap van die studenteraad sal kom.

'n bestuur stel 'n bedrywige program in vooruitsig. Reeds op 28 Junie word die eerste vertoning in die Johannes van der Waltgimnastieksaal van die Universiteit gereël. Hierop volg 'n aantal ligawedstryde teen klubs van Krugersdorp, Pretoria, Johannesburg, ens. Die Noord-Transvaalse gimnastiekkampioenskappe vind ook vanjaar hier plaas in die loop van die tweede semester.

NA PRETORIA

Twaalf gimnaste, ses mans en ses dames, verteenwoordig die P.U. op die S.A.U.-wintersportsaamtrek in Pretoria. Die mans is: J. van Niekerk, Gouws Oberholtzer, K. de Kock, H. van Aswegen, D. de Lange en Wynand Putter. Die dames is: Marita Bruyns, Henna Steenkamp, Jo Schoeman, Maryn Fourie, Wienie Bekker en Addie de Jager.

Tydens die tweede semester word 'n reuse gimnastiekuitvoering op die Park beoog. Die doel van die vertoning is om fondse in te samel om 'n „Trampoline" aan te skaf.

Oefentye vir gimnaste is Dinsdae en Donderdae vanaf 7.00 nm. in die gimnastieksaal.

## Puk (Voorlopig) Bo

Aangesien die eerstespan, net soos in die geval van die Pote, nie gedurende die Julievakansie aan wedstryde om die Neserbeker deelneem nie, het hulle twee wedstryde meer as Strathvaal, wat tweede op die punteleer staan, gespeel.

Na afloop van Saterdag se wedstryde het die punteleer dus soos volg daar uit gesien (die kolomme dui aan speel, wen, verloor, gelykop, punte vir, punte teen en punte tans):

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Universiteit ...... | 6 | 4 | 1 | 1 | 63 | 42 | 9 |
| Strathvaal ...... ...... | 4 | 3 | 0 | 1 | 48 | 25 | 7 |
| P.O.K. ...... ...... ...... | 6 | 3 | 3 | 0 | 49 | 58 | 6 |
| Goldfields ...... ...... | 5 | 2 | 2 | 1 | 50 | 50 | 5 |
| Klerksdorp ...... ...... | 2 | 1 | 1 | 0 | 16 | 19 | 2 |
| W. Reefs ...... ...... | 4 | 1 | 3 | 0 | 34 | 52 | 2 |
| Lichtenburg ...... | 3 | 0 | 2 | 1 | 23 | 36 | 1 |
| Dorp ...... ...... ...... | 2 | 0 | 2 | 0 | 14 | 29 | 0 |

## *In en Om die Kleedkamers*

DIE TENNISKLUB het die eer dat hy kan spog om die oudste sportsoort op die Puk te beoefen. Met sekerheid kan nie vasgestel word wanneer tennis vir die eerste keer op die Puk gespeel is nie, maar daar is reeds op Burgersdorp tennis gespeel in die beginjare van die Universiteit. In 1905 is die Amicitiatennisklub op die Puk gestig.

In 1928 is die eerste tennisbestuur gekies en hulle het hul bes gedoen om belangstelling vir die spel aan te wakker. Swak bane, ontoereikende fondse en min spelers was die grootste probleme. In die jare het 'n geweldige persentasie Pukdames tennis gespeel, hoewel hulle weinig in getal was.

Vandag voer die tennisklub 'n bloeiende bestaan. Die bane is modern en hier is genoeg mededinging vir voornemende tennisspelers.

Die tennismasjien wat hier gebruik word om balle te dien, is van die modernste in die land. Die ligte vrolike tennisdrag van vandag—dit geld veral vir die dames—vorm 'n skerp teenstelling met die lomp drag aan die begin van die eeu. Ons jonger geslag het baie om te waardeer!

**JONG KLUBS YWERIG**

Dis opmerklik om te sien watter ywer aan die dag gelê word deur die jonger sportklubs aan die Universiteit. Die swemklub is besig om 'n prysenswaardige voorbeeld aan die ander klubs te stel deur buite die swemseisoen voorbereidende oefeninge te doen.

Die oefeninge word gelei deur die L.O.-departement. Die judoklub spook om hul krag te toon en onder patronaatskap van die S.R. te kom. Die pasgestigte gimnastiekklub het 'n baie interessante program in die vooruitsig en behoort genoegsame ondersteuning te kry van die kant van L.O.-studente.

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"

BESOEK —

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

Allerlei ● WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK

asook ● KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP

(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)

„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"